Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Verwysing: 20170823-4187
12/1/4
Navrae: N Ncede

Omsendbrief: 0037/2017
Vervaldatum: 31 Maart 2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Adjunk-direkteure by distrikskantore, en Hoofde van preprimêre skole en onafhanklike VKO-skole en Prinsipale van gewone openbare skole met graad R-klasse

Kort opsomming: *Inligting vir alle rolspelers oor toepaslike aansoekprosedures vir vroeë-kindontwikkeling- (VKO) subsidie en ander sake.*

Onderwerp: Graad R-subsidies en ander VKO-verwante sake soos vir 01 April 2018

1. Graad R-toewysing

1.1 Toegang tot inligting

Die norme en standaarde (N&S) -toewysings vir graad R vir die boekjaar wat strek vanaf 01 April 2018 tot 31 Maart 2019 is op SOBIS beskikbaar. Toegang daartoe kan soos volg verkry word:

- Teken aan op SOBIS.
- Kliek op "Proceed" en kies dan die "Administration"-opsie op die kieslys en kliek op "Norms and Standards Allocation" en kies "N&S 2018".
- Druk die bladsy.

Let op die volgende:

Toewysings word bereken volgens die Nasionale Norme en Standaarde vir graad R-befondsing, soos gewysig in Staatskoerant No. 29179 van 31 Augustus 2006.

Die toewysingsbrief sluit 'n gedetailleerde uiteensetting van die geprojekteerde toewysing vir die 2018/19-boekjaar in, asook voorlopige toewysings vir die volgende twee boekjare, nl. 2019/20 en 2020/21.

Alle toewysings is op grond van SOBIS se leerdertalle bereken.

1.2 **Berekening van graad R-toewysing**

Goedkeuring is verleen om die volgende subsidie vir leerders in goedgekeurde graad R-klasse by gewone openbare skole, geregistreerde vroeë-kindontwikkelingsentrums en onafhanklike sentrums vanaf 01 April 2018 te betaal:

1.2.1 Gewone openbare skole (alle staatsbeheerde skole wat graad R aanbied):

Subsidie per kapita:

Nasionale Kwintiel (NK)	Skoolgeldstatus van die inrigting	Bedrag betaalbaar per leerder per dag
NK1–NK5	Geen skoolgeld	R 27
NK4	Skoolgeld	R 20
NK5	Skoolgeld	R 19

Toewysing vir Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM):
Vir geenskoolgeldskole is 'n bedrag van R2 124 per maand betaalbaar vir elke klas wat deur 'n WKOD-betaalde onderwyser/praktisyn onderrig word.

Minimum toewysing:
Alle gewone openbare skole met minder as 25 leerders is daarop geregtig om 'n minimum subsidie van R128 412 per jaar te ontvang.

1.2.2 Openbare preprimêre skole:

Elke openbare preprimêre skool sal slegs 'n N&S-toewysing van R19 per leerder ontvang.

1.2.3 Onafhanklike sentrums (alle privaat beheerde skole wat graad R aanbied):

Subsidie per kapita:

Nasionale Kwintiel (NK)	Skoolgeldstatus van die inrigting	Bedrag betaalbaar per leerder per dag
NK1–NK5	Geen skoolgeld	R 27
NK4	Skoolgeld	R 20
NK5	Skoolgeld	R 19

Dit is belangrik om daarop te let dat:

- alle graad R-leerders op SOBIS vasgelê/geregistreer moet wees.
- elke graad R-leerder by 'n graad R-klas ingedeel moet wees; en
- 'n graad R-onderwyser/praktisyn by elke graad R-klas ingedeel moet wees.

Eers nadat die bovermelde gedoen is, kan 'n graad R-subsidie-eis vir betaling ingedien word.

2 Graad R-subsidie-eise en -betaling

2.1 As 'n deurlopende proses, moet graad R-subsidie-eise op die volgende manier via SOBIS deur skole/sentrums ingedien word:

- Teken aan op SOBIS.
- Kliek op "Proceed" en kies dan die "Administration"-opsie op die kieslys en kliek op "Gr R Subsidy".
- Kies "Submit Application".

Voltooi asseblief die toepaslike velde soos vereis en druk die skool se subsidie-eisvorm vir rekorddoeleindes nadat die eis ingedien is. Die skool se subsidie-eis sal elektronies by die toepaslike distrikskantoor ingedien word. Geen verdere optrede word van die skool verlang nie.

Verwys asseblief na die *Grade R Subsidy Claim Application User Manual* vir gedetailleerde stapsgewyse leiding oor hoe om 'n subsidie-eisvorm suksesvol in te dien.

'n Totale getal van 200 dae per akademiese jaar sal gebruik word by die berekening van die subsidie, waarvan 50% van die toewysing in die April-gedeelte en die oorblywende 50% in die Oktober-gedeelte betaal sal word.

2.2 Tydsraamwerke

Datums vir die 2018-proses:

April-gedeelte (Kwartaal 2 en 3 van 2018 skooljaar)

Datum	Aksie
02 Maart 2018	SOBIS oop vir die indien van eise
16 Maart 2018	Finale datum vir skole/sentrums om eise in te dien **Let wel:** Eise kan nie ná hierdie datum vir betaling ingedien word nie.
13 April 2018	Distrikskantore finaliseer aanbeveling- en goedkeuringsprosesse op Eduinfosearch en teken af op elke eis.
14 Mei 2018	Finale datum vir subsidiebetaling aan skole/sentrums

Oktober-gedeelte (Kwartaal 4 van 2018 skooljaar en Kwartaal 1 van 2019-skooljaar)

Datum	Aksie
03 September 2018	SOBIS oop vir die indien van eise
14 September 2018	Finale datum vir skole/sentrums om eise in te dien **Let wel:** Eise kan nie ná hierdie datum vir betaling ingedien word nie.
12 Oktober 2018	Distrikskantore finaliseer aanbeveling- en goedkeuringsprosesse op Eduinfosearch en teken af op elke eis.
16 November 2018	Finale datum vir subsidiebetaling aan skole/sentrums

2.3 Vordering van eis

Die vordering van die skool se eis kan soos volg op SOBIS nagespoor word:

- Teken aan op SOBIS.
- Kliek op "Proceed" en kies dan die "Administration"-opsie op die kieslys en kliek op "Gr R Subsidy".
- Kies "Claim status".

3 Geenskoolgeldskole wat graad R aanbied

Geenskoolgeldskole wat graad R-befondsing van die Staat ontvang, mag nie skoolgeld van graad R-leerders vra nie (Sien *National Financial Management Guidelines in Respect of Schools Offering Grade R Classes*, Oktober 2009, bladsy 4).

Ouers kan versoek word om vrywillige bydraes te maak. Hierdie bydraes is nie verpligtend nie en mag nie gebruik word om leerders uit te sluit omdat hul ouers nie sodanige bydraes kan maak nie.

4 Gebruik van graad R-toewysing

4.1 Salaris van die graad R-onderwyser/praktisyn

Skole word daaraan herinner dat graad R-onderwysers/praktisyns by alle skole die volle 80% van die subsidietoekenning wat twee keer per jaar oorgeplaas word, moet ontvang.

Beheerliggame van NK 4- en NK 5-skole moet die graad R-onderwyser/praktisyn se salaris vermeerder sodat die onderwyser/praktisyn 'n bedrag wat meer is as die minimum van R8 577 per maand ontvang.

Graad R-onderwysers/praktisyns by geenskoolgeldskole is geregtig op die volle 80% van die subsidie.

4.2 Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM)

Tien persent (10%) van die subsidie is vir LOOM toegewys, insluitend binnenshuise en buitenshuise LOOM tot voordeel van graad R-leerders.

4.3 Bedryfskoste

Die ander 10% van die subsidie is vir die betaling van die skool se diensterekeninge, soos telefoonrekeninge, water- en elektrisiteitsrekeninge, kopiëring en drukwerk, skoonmaakmateriale vir en instandhouding van die graad R-klaskamer(s), en enige ander dienste wat deur die graad R-onderwysers/praktisyns verlang word.

5 Rapporteringsvereistes

Soos deur die distrikskantore gekommunikeer is, moet normale rapporteringsvereistes nagekom word om die volgende subsidiebetaling te bewerkstellig.

6 **Finale toewysingsbrief**

Die finale toewysingsbriewe (gebaseer op die 2018 kitsopnameleerdertalle) sal teen 16 Maart 2018 op SOBIS gepubliseer word.

7 **Kontaknommers vir navrae**

Kontak asseblief die toepaslike SOBIS-administrateur oor SOBIS-verwante navrae en die toepaslike VKO-distriksbestuurder oor graad R-subsidieverwante navrae.

Vak	Naam	Telefoonno.
Graad R-subsidietoewysings Algemene navrae	Me N Ncede Me M Munnik Mnr S Ruka	021 467 2071 021 467 2196 021 467 2657
Oorplasing van betalings aan skole en ander graad R-subsidieverwante navrae (N&S-toewysings)	Kontak die toepaslike VKO-bestuurder op distriksvlak.	
SOBIS-verwante navrae	Kontak die toepaslike SOBIS-administrateur op distriksvlak.	

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-09-30